Wys my die weg, Here

# Dapper, al is ek bang

## Bybelteks

*Hatag moes [vir Ester] aansê om na die koning te gaan en hom om genade te smeek en te pleit vir haar volk. Hatag het … Mordegai se boodskap aan haar oorgedra. Ester het Hatag beveel om vir Mordegai te sê: "Al die dienaars van die koning … weet dat daar vir enige man of vrou wat na die koning … gaan sonder dat hulle ontbied is, net een reël geld en dit is dat die persoon doodgemaak word …" Toe Ester se woorde aan Mordegai oorgedra is, het Mordegai haar laat weet: "… wie weet of jy nie juis vir 'n tyd soos hierdie koninklike status verkry het nie?"*

**– Ester 4:8-14**

## Kernwaarheid

**Om dapper te wees beteken nie dat ons nie bang mag wees nie. God kan deur ons werk, al is ons bang.**

### WELKOM

- Wat is jou definisie van die woord "dapper"?

- Watter dapper besluite moes jy al neem?

### WONDER

- Wat was vir jou opvallend in die verhaal?

- Watter raakpunte in daar tussen Ester se verhaal en jou eie lewe?

- Waar het jy of iemand wat jy ken die moed gehad om die regte ding te doen, al was dit moeilik?

- Het iemand al vir jou opgestaan? Hoe het dit jou beïnvloed?

- Hoe kan jy 'n stem wees vir diegene wat nie vir hulleself kan praat nie?

## WEES

Dink aan die TED Talk van Brené Brown wat julle gekyk het.

- Wat is die punt van haar boodskap?

- Hoe sluit dit aan by Ester se verhaal?

- Hoe help dit ons wanneer ons dapper moet wees?

## WEGSTUUR

*Isibindi* is 'n Zulu- en Xhosa-woord wat "wees dapper" beteken. Ester se verhaal herinner ons dat ons dapper kan wees, al is ons bang, want God is aan ons kant. Gaan deel hierdie woord met iemand.

Kyk gerus ook die fliek *One night with the king*. Hoewel dit 'n gedramatiseerde vertolking van die verhaal van Ester is, gee dit 'n mens tog 'n idee van hoe die verhaal afgespeel het.